

# SKOOLREËLS

## Skoolure

Maandag - Vrydag - 07:30 – 13:25 (leerders wat detensie moet sit sal tot 16:00 gehou word)  
Pouse: 10:20 – 10:55

## Doel:

Skoolreëls is daar gestel om aan elke leerder die geleentheid te bied om in 'n ordelike en ontspanne atmosfeer en in 'n netjiese omgewing skool te gaan, en nie om hulle onnodig aan bande te lê of hulle skoolloopbane te versuur nie.

Hierdie doelstellings kan alleenlik bereik word indien elke leerder die onderstaande reëls nougeset nakom:

## Selfone

Geen selfone mag gedurende die skooldag op die terrein, of in die gebou uitgehaal en gebruik word nie. Wanneer klasse aan die einde van die dag verdaag, mag dit nie dadelik uitgehaal en in die gange gebruik word nie.

Indien hierdie reël oortree word, mag die selfoon vir 2 weke gekonfiskeer word.

## Voorkoms

### Groep A

1. Leerders moet op skooldae slegs in die goedgekeurde skooldrag na die skool kom.
2. Aangesien polshorlosies maklik verlore raak, word die dra daarvan nie aanbeveel nie.
3. Leerders se hare moet versorg wees en 'n netjiese indruk skep. Die dogters se hare moet gevleg of vasgemaak wees indien dit skouerlengte of langer is. Die seuns se hare moet netjies geknip wees sodat die hemskraag agter oop is. Geen trappe (steps) of snaakse haarstyle nie.
4. Leerders wat nie in voorgeskrewe drag vir 'n sekere sportsoort by 'n wedstryd opdaag nie, sal nie toegelaat word om in die wedstryd te speel nie.
5. Leerders se kledingstukke en ander besittings moet asseblief duidelik gemerk word. Baie kosbare tyd word vermors deur verlore eiendom te probeer opspoor.
6. Oorkrabbetjies: Die dra van enige juweliersware by die skooluniform is verbode. Die dra van oorkrabbe is 'n vergunning wat gemaak is om gaatjies in die oorlel nie te laat toegroei nie. Slegs klein goue/silwer knopies (studs) mag gedra word aangesien ringetjies die risiko skep van uit die oor geskeur te word tydens sport/speletjies.

**GEEN UITSONDERINGS SAL GEMAAK WORD NIE.**

## **Verlof**

### **Groep A**

7. Leerders kom nie sonder verlof voor skool, gedurende pouses of na skool in die klaskamers nie.
8. Leerders wat verhinder word om sportoefeninge, wedstryde of ander buitemuurse bedrywighede by te woon, moet die verantwoordelike onderwyser onmiddellik persoonlik daarvan in kennis stel. Boodskappe word nie saam met ander leerders gestuur nie.
9. Leerders wat vir lang tydperke van sport vrygestel wil word, moet 'n mediese sertifikaat inhandig waarop die rede waarom hy van sport vrygestel moet word, aangetoon word.
10. Wanneer 'n leerling na afwesigheid na die skool terugkeer, moet hy onmiddellik 'n verduidelikende briefie van sy ouers inlewer.
11. Indien 'n leerder weens die een of ander grondige rede 'n deel van 'n skooldag of 'n hele skooldag afwesig moet wees en vooraf hiervan kennis dra, moet aansoek skriftelik, of telefonies deur die ouers/voog gedoen word en nie mondelings deur 'n leerder nie. Ouer/verantwoordelike persoon moet leerders self kom haal.

### **Groep B**

12. Geen sywurms of troeteldiere mag skool toe gebring word nie.
13. Gedurende skooltyd of pouses mag geen leerling die skoolterrein sonder verlof verlaat nie. Indien leerders wil lekkers koop, moet hulle die Snoepwinkel ondersteun.
14. Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. 'n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof se verlof uit 'n klaskamer afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie.
15. Leerders mag geen merke of tekeninge op hulle liggame maak nie.

## **Buite perke**

### **Groep A**

16. Gedurende pouses speel die leerders op die terrein wat aan hulle toegewys is:  
Jun. Spes. klasse en graad 4-leerders op die netbalbane langs die graad 4-klaskamers; alle ander leerders op die rugbyveld en aangrensende terrein.
17. Die terrein voor die saal, die kantore en die personeelkamer is verbode gedurende pouses. Die tennisbane en swembad is ook verbode terrein.

18. Leerders kom die skoolterrein soggens slegs deur die hek langs die hoofingang binne. Die hoofhek mag egter gebruik word wanneer leerders smiddae die terrein verlaat.
19. **Leerders mag onder geen omstandighede oor die heining of hekke klim nie.**
20. Die hoofingang tot die skoolgebou mag onder geen omstandighede deur leerlinge gebruik word nie. Slegs onderwysers, ouers en besoekers mag van hierdie ingang gebruik maak.

## **Veiligheid en Sekuriteit**

### **Groep A**

21. Leerders mag voor skool of gedurende pouses slegs in die gange kom om die Snoepwinkel of kledkamers te besoek. Slegs die kledkamers op die onderste vloer mag gedurende pouses en na skool gebruik word.
22. Geen leerder mag sonder toesig in die saal wees nie. Indien een of ander aktiwiteit in die saal bygewoon moet word, moet leerder voor die saal wag totdat die leerkrag wat vir die aktiwiteit verantwoordelik is, hulle binnelaat.
23. Leerders mag wel in die vierkant binne die skoolgebou op die banke sit om hulle toebroodjies te eet. Geen spelery word hier toegelaat nie.
24. Geen speletjie wat moontlik kan veroorsaak dat 'n leerling se klere skeur, mag gespeel word nie.
25. Gedurende pouse mag geen speletjie wat enige gevaar vir 'n medeskolier mag inhou of hom/haar moontlik kan beseer, gespeel word nie.
26. Leerders mag onder geen omstandighede gedurende pouse of na skool op enige sportapparaat wat op die terrein rondstaan, speel nie.
27. Geen sportapparaat, selfs balle, mag deur leerders gehanteer word sonder die verloop van die verantwoordelike onderwyser nie.

### **Groep B**

28. Ongerymdhede moet onmiddellik aan 'n leerkrag gerapporteer word. Die leerkrag sal dan die klagte ondersoek en besluit of hy die klagte aan die hoof, adjunkhoof of 'n departementshoof gaan voorlê of nie.
29. Daar mag nie aan die bome op die terrein se takke rondgeswaai word nie. Die banke op die terrein is daar om op te sit en nie om op te staan of te spring nie.
30. Leerders gooi nie met klippe nie, skiet nie met rekke nie, of speel nie met gevaarlike voorwerpe soos skerp stokke nie.
31. Geen leerder mag in die swembad gaan sonder die toesig van 'n onderwyser/es nie.

## **Gedrag en orde**

### **Groep A**

32. Sodra die klok gelui het vir die skool om te begin, of om die einde van 'n pouse aan te kondig, bly alle leerders stil en tree onmiddellik en ordelik in rye aan.
33. In die gange hou almal links. Tasse word in die regterhand, weg van die muur af, gedra.
34. Gesels in die gange is verbode.
35. In die gange mag daar nooit gehardloop of gespeel word nie. Leerlinge mag ook nie mekaar verbysteeke of pootjie nie, maar moet ordelik in reguit rye loop.
36. Leerders staan voor die klaskamer in netjiese rye en gaan nooit die klaskamer binne alvorens verlof daartoe van 'n leerkrag ontvang is nie.
37. Dit is absoluut verbode om in die saal te fluister of te praat.
38. Boeke, skryfbehoeftes of papiere word nie op die vloer rondgegooi of na skool in lessenaars gelaat nie.
39. Papiere, skille, kartonhouers ens. word nie op die terrein rondgegooi nie, maar word in die daarvoor bestemde dromme geplaas. As 'n leerder iets sien rondlê, sal dit waardeer word indien hy/sy dit sal optel en in 'n vullisblik gooi.
40. Leerders moet alle instruksies van leerkragte nakom en die wettige opdragte van prefekte en klasprefekte gehoorsaam.
41. Kougom word nie toegelaat nie.
42. Geen vorm van vandalisme word toegelaat nie.

### **Groep B**

43. Leerders beskadig onder geen omstandighede skooleiendom nie en skryf of krap nie op mure nie.
44. Pornografie word onder geen omstandighede op die skoolterrein of in die skoolgebou toegelaat nie.
45. Vuil taal, vieslike tekens, vulgêre en beledigende aanmerkings sal nie op die skoolterrein of in die skoolgebou geduld word nie.
46. Rassistiese aanmerkings sal nie geduld word nie.
47. Die gebruik van sigarette, dwelms en alkohol is ten strengste verbode.

48. Diefstal word as 'n kriminele oortreding beskou.
49. Dit word van elke leerder verwag om sy skool se naam ook buite die skoolterrein hoog te hou. Daar sal streng opgetree word teenoor leerders wat hulle op busse van en na die skool, swak gedra.
50. **GEEN LEERDER MAG MINAGTING TEENoor DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA SE NASIONALE SIMBOLE OF DIE SKOOL SE KODES OPENBAAR NIE.**

### **Groep C**

51. **Oortredings wat tot skorsing mag lei:**

- (a) **gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend;**
- (b) **die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen;**
- (c) **die besit, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelvende middels van enige aard;**
- (d) **gevegte, aanranding of mishandeling;**
- (e) **immorele gedrag of godslastering;**
- (f) **die valse identifisering van sigself;**
- (g) **skadelike graffiti, haattaal, seksisme en rassisme;**
- (h) **diefstal of die besit van gesteelde eiendom;**
- (i) **onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skool eiendom;**
- (j) **oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is;**
- (k) **herhaaldelike skending van skoolreëls of die Gedragskode;**
- (l) **kriminele en onderdrukkende gedrag soos byvoorbeeld verkragting en teistering wat op geslag gebaseer is;**
- (m) **verontregting, afknouery en intimidering van ander leerders;**
- (n) **oortreding van eksamenreëls; en**
- (o) **die bewuslike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdigde voordeel by die skool te verkry.**

**Seuns:**

1. **Hare:-** mag nie aan ore raak nie. Geen “step” word toegelaat nie.
2. **Hemp:-** **Somer** - ‘n wit kortmou hemp met ‘n sakwapen.  
**Winter** - wit langmou of kortmou hemp met ‘n das [donkerblou]. ‘n Hemp met ‘n oopslaankraag waarby ‘n skooldas gedra word lyk baie slordig en is nie toelaatbaar nie. Dit is om hierdie rede dat die korrekte hemp vir die somer ook ‘n stywe kraag het wat tot bo kan toeknoop - dieselfde hemp kan dan op warmer dae in die winter gedra word.
3. **Broek:-** Somer - grys kortbroek  
Winter - langbroeke is nie verpligtend nie.
4. **Kouse:-** lang grys kouse - moedig asb. die gebruik van kousreкке aan
5. **Skoene:-** netjiese swart toerygskoene

**Dogters:-**

1. **Hare:-** Wanneer die hare aan die kraag raak, moet dit vasgebind word of korter geknip word. ‘n Kuif wat dieselfde lengte as die res van die hare is, moet met ‘n haarknippe vasgesteek word of met ‘n “Alice-band” in posisie gehou word. Hare wat kort-kort agter die ore ingedruk word, weer uitglip en oor die oë hang, is nie toelaatbaar nie. Hare mag nie met behulp van vals hare verleng of gevleg word nie. Hare mag nie gekleur of permanent gekartel word nie.
2. **Rok:-** grys rok met skoolwapen
3. **Hemp:-** Somer wit, kortmou met oopslaankraag  
Winter wit (lang of kortmou) met stywe kraag waarby ‘n skooldas gedra word.
4. **Kouse:-** Somer kort, wit sokkies wat omslaan  
Winter lang swart kouse
5. **Skoene:-** netjiese swart toerygskoene of met ‘n bandjie oor die voet.
6. **Haarlinte, rekke ens:-** slegs swart haarbande en linte asook silwer of swart knippies. Alle bykomstighede vir die hare moet eenvoudig en sonder enige patrone wees.

**Algemeen:-**

‘n Skoolkleurbaadjie [donkerblou] (met knope!) en/of ‘n swart kortmou trui (“pullover”) word op kouer dae gedra.

Wanneer leerders die skool verteenwoordig (bv. uitstappies per bus, ens.) of as toeskouers by wedstryde opdaag, mag die sweetpakbroek of -baadjie nie saam met bont hemde, rokke en broeke gedra word nie. Dit is immers deel van die skooluniform.

**L.W.**

Wanneer u kind siek is, moet u asseblief vir ons ‘n briefie skryf en vra dat hy/sy nie Liggaamlike Oefening doen nie. Wanneer dit die dag koud is, kan hy/sy met ‘n sweetpaktop of skooltrui Liggaamlike Oefeninge doen.

**N.B. Merk ASB. u kind se klere!**

J.W. BRAND  
**SKOOLHOOF**